# VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (ONDERRIG)

## DIE HOOP PROJEK EN AKADEMIESE VOLHOUBAARHEID

Die Universiteit se HOOP Projek – uitnemende wetenskapsbeoefening om hoop vir en deur Afrika te bou – hou regstreeks verband met sy studente. Die personeel in die onderrig-en-leersituasie streef dan ook om vir soveel studente moontlik – veral dié uit histories benadeelde omgewings – die Rektor se uitsprake oor hoop waar te maak. Een van die oogmerke van die onderrig is immers om by te dra tot die lewering van ontwikkelde en afgeronde burgers; burgers wat danksy hulle kritiese ingesteldheid en professionele vaardighede samelewingsvraagstukke kan aanpak en oplos; burgers, kortom, wat die Millennium-Ontwikkelingsdoelwitte (MOD) help verwesenlik.

'n Universiteit word die beste bemark deur sy tevrede en gesogte studente. Vandaar dat die US se akademiese volhoubaarheid grootliks afhang van die suksesse met en deur sy studente. 'n Verdere gevolg is dat die portefeulje van die Viserektor (Onderrig) een van die hoekstene bied vir die US se akademiese volhoubaarheid en sy voortbestaan. Die primêre oogmerk vir dié portefeulje is naamlik om die welwees van ons studente – akademies, emosioneel, sosiaal en finansieel – te bevorder.

## HOOGTEPUNTE

Baie van die werksaamhede in die onderrig-en-leerportefeulje is van durende aard; sulke werksaamhede word elke jaar voortgesit ter ondersteuning, direk en/of indirek, van die akademie. Die afsonderlike afdelings in die portefeulje werk op stuk van sake almal mee tot die US se akademiese volhoubaarheid.

Onder die hoogtepunte vir die onderrig-en-leerportefeulje uit die verslagjaar tel die volgende:

- *operasionalisering van die Kliëntedienssentrum in die Afdeling Akademiese Administrasie;*
- *vestiging van 'n elektroniese beursaansoekstelsel;*
- *toespitsing op kurrikulering vir die openbare belang;*
- *stimulering van waagmoedige gesprekke onder die studente;*
- *verskerpte pogings tot diversifisering van die US se studenteprofiel; en*
- *bestendiging van meertaligheid aan die US.*

## AKADEMIESE VOLHOUBAARHEID ONDERSTEUN DEUR INSKRYWINGSBEPLANNING EN -BESTUUR

Die Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning (INB) is gemoeid met die akademiese volhoubaarheid van die US. Die Afdeling verrig sy taak deur:

- *institusionele navorsing as noodsaaklike voorvereiste vir inskrywingsbeplanning en -bestuur te doen;*
- *strategieë vir en advies oor inskrywingsbeplanning en -bestuur te bepaal en te lewer, wel wetende dat dit ook die haal, al dan nie, van diversiteitsdoelwitte raak;*
- *gebeure en tendense in die hoër onderwys (nasionaal en internasionaal) te bepaal en te peil; en*
- *met die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) te skakel.*

Die US se huidige en geprojekteerde studentegetalle is bespreek by verskeie ontmoetings met die DHOO. Die INB verskaf die statistieke waarop die Universiteit enersyds sy inskrywingsdoelwitte baseer en, andersyds, die (nie)bereiking van dié doelwitte beoordeel. Dieselfde statistieke word gebruik by die stel van diversiteitsdoelwitte, en by die peiling van die (nie)vordering dáármee. In albei hierdie opsigte het die INB dus in die verslagjaar 'n basiese rol vervul. Tegelyk blyk dit duidelik dat inskrywingsbeplanning en -bestuur vir die Universiteit 'n belangrike instrument in die hand is by die nastreef van sy 2015-teikens vir sowel studentegetalle as volhoubaarheid.

Hierbenewens is die INB verantwoordelik vir akademiese gehalteversekering en akademiese programgoedkeuring aan die US. Gedurende die verslagjaar is sewe nuwe programme ontwikkel en vir akkreditasie by die Raad op Hoër Onderwys se Gehaltekomitee voorgelê. Vyf daarvan is geakkrediteer:

- *HonsBComm in Kwantitatiewe Bestuur;*
- *MPhil in Stedelike en Streekwetenskap;*
- *Nagraadse Diploma in Leierskapontwikkeling;*
- *PhD in Noodgeneeskunde; en*
- *PhD in Gesondheidswetenskappe-onderwys.*

Die INB het ook leiding geneem in die proses om die Universiteit se bestaande akademiese programme te laat voldoen aan die nuwe vereistes ingevolge die Hoëronderwys-Kwalifikasieraamwerk. Advies en ondersteuning is in hierdie deurslaggewende proses aan al die fakulteite verskaf.







**Taalsake tel**

Die US bied al sedert 1930 'n tuiste vir die Woordeboek van die Afrikaans Taal, of sommer WAT in die volksmond. Hier oorhandig prof Magda Fourie-Malherbe, Viserektor (Onderrig), 'n tjek aan dr Willem Botha, Hoofredakteur van die WAT. Die Universiteit beskou die donasie as 'n belegging in die voortbestaan van die WAT én van Afrikaans as 'n lewenskragtige en groeiende taal.

As bydrae tot die Wêreldbekersokker 2010 het die Taalsentrum se Eenheid vir isiXhosa 'n pragtige drietalige sokker-terminologieboekie die lig laat sien.

## AANTAL STUDENTE IN VERSKILLENDE STUDIEVELDE EN OP VERSKILLENDE VLAKKE, 2010

| VLAKKE PER FAKULTEIT | GETAL STUDENTE | VLAKKE PER FAKULTEIT | GETAL STUDENTE |
|---|---|---|---|
| **AGRIWETENSKAPPE** | 1 495 | **LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE** | 5 165 |
| Voorgraadse studente | 1 093 | Voorgraadse studente | 3 298 |
| Nagraadse studente | 366 | Nagraadse studente | 1 462 |
| Spesiale studente | 36 | Spesiale studente | 405 |
| **EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE** | 7 917 | **NATUURWETENSKAPPE** | 2 697 |
| Voorgraadse studente | 4 607 | Voorgraadse studente | 1 877 |
| Nagraadse studente | 3 126 | Nagraadse studente | 733 |
| Spesiale studente | 184 | Spesiale studente | 87 |
| **GESONDHEIDSWETENSKAPPE** | 3 949 | **OPVOEDKUNDE** | 1 927 |
| Voorgraadse studente | 1 776 | Voorgraadse studente | 796 |
| Nagraadse studente | 1 858 | Nagraadse studente | 1 107 |
| Spesiale studente | 315 | Spesiale studente | 24 |
| **INGENIEURSWESE** | 2 788 | **REGSGELEERDHEID** | 828 |
| Voorgraadse studente | 2 123 | Voorgraadse studente | 434 |
| Nagraadse studente | 608 | Nagraadse studente | 388 |
| Spesiale studente | 57 | Spesiale studente | 6 |
| **KRYGSKUNDE** | 451 | **TEOLOGIE** | 477 |
| Voorgraadse studente | 395 | Voorgraadse studente | 125 |
| Nagraadse studente | 54 | Nagraadse studente | 341 |
| Spesiale studente | 2 | Spesiale studente | 11 |
| | **TOTAAL** | | **27 694** |

## SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS GESLAG, 2010

| GESLAG | GETAL STUDENTE |
|---|---|
| Vroulik | 14 191 |
| Manlik | 13 503 |
| **TOTAAL** | **27 694** |

## SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS RAS, 2010

| RAS | GETAL STUDENTE |
|---|---|
| Bruin | 4 524 |
| Indiër | 554 |
| Swart | 4 035 |
| Wit | 18 581 |
| **TOTAAL** | **27 694** |

## KWALIFIKASIES TOEGEKEN VOLGENS TIPE, 2010

| TIPE KWALIFIKASIE | GETAL TOEGEKEN |
|---|---|
| Voorgraadse diplomas en sertifikate | 108 |
| Baccalaureusgrade | 3 268 |
| Nagraadse diplomas en sertifikate | 1 369 |
| Nagraadse baccalaureusgrade | 86 |
| Honneursgrade | 1 274 |
| Magistergrade | 1 120 |
| Doktorsgrade | 174 |
| **TOTAAL** | **7 399** |

## SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS HUISTAAL, 2010

| HUISTAAL | GETAL STUDENTE |
|---|---|
| Afrikaans | 13 996 |
| Engels | 10 220 |
| Afrikaans/Engels | 988 |
| Xhosa | 607 |
| Ander amptelike SA tale | 919 |
| Ander tale | 964 |
| **TOTAAL** | **27 694** |

# VERSLAG VAN DIE VISEREKTOR (ONDERRIG) (VERVOLG)

## SAMESTELLING EN GROOTTE VAN STUDENTEKORPS VOLGENS GEOGRAFIESE HERKOMS, 2010

| GEOGRAFIESE HERKOMS | GETAL STUDENTE | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| **Suid-Afrika** | **25 165** | **90,9%** |
| Wes-Kaap | 17 715 | 64,0% |
| Noord-Kaap | 700 | 2,5% |
| Oos-Kaap | 1 604 | 5,8% |
| Vrystaat | 427 | 1,5% |
| KwaZulu-Natal | 1 236 | 4,5% |
| Mpumalanga | 462 | 1,7% |
| Limpopo | 367 | 1,3% |
| Gauteng | 2 465 | 8,9% |
| Noordwes | 189 | 0,7% |
| **Ander lande** | **2 529** | **9,1%** |
| Botswana | 117 | 0,4% |
| Lesotho | 53 | 0,2% |
| Namibië | 826 | 3,0% |
| Swaziland | 43 | 0,2% |
| Zimbabwe | 140 | 0,5% |
| Elders | 1 350 | 4,9% |
| **TOTAAL** | **27 694** | **100,0%** |

### MEER EFFEKTIEWE ADMINISTRATIEWE ONDERSTEUNING

Die Kliëntedienssentrum in die Afdeling Akademiese Administrasie (AAA) het onder andere ten doel om die administratiewe effektiwiteit te verhoog en só die dienslewering aan die Universiteit se kliënte verder te verbeter. Die Sentrum is vanaf 4 Januarie 2010 in bedryf; binne die eerste maand het dit meer as 15 000 oproepe/navrae gehanteer. Telefoniese, faks- en e-posnavrae word deur die agente in die Sentrum beantwoord. Blykens die terugvoer lewer die Sentrum reeds 'n groot bydrae tot die Universiteit se diens en sy beeld. 'n Nuwe elektroniese stelsel vir aansoeke om beurse en lenings is voorts ontwikkel en geïmplementeer. Ook die personeeluitbreiding in die Afdeling Beurse en Lenings beteken beter dienslewering en beeldbou – albei faktore wat voordelig is vir studentesukses en institusionele volhoubaarheid. Die AAA-personeel se administratiewe begeleiding van studente dra eweneens tot studentesukses en institusionele volhoubaarheid by.

### SAS ONDERSTEUN STUDENTESUKSES EN WELWEES

Die Afdeling Studente- en Akademiese Steun (SAS) het op 1 Januarie 2010 tot stand gekom. Naas die Tredhou-eenheid (TE), behels dit ses sentra: die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL); die Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG); die Sentrum vir Studentesake (SSS); die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO); die Sentrum vir Voornemende Studente (SVS) en die Taalsentrum (TS).

In die nuwe afdeling is die ou afdelings Studentesake en Akademiese Steun tot een omgewing geïntegreer sodat die betrokkenes op natuurlike maniere nouer kan saamwerk. Dít beteken op sy beurt die dienste aan die universiteitsgemeenskap, veral die studente, word hegter geïntegreer en beter gekoördineer.

Aan die einde van SAS se eerste bestaansjaar is 'n bestekopname gemaak van die kliënte se ervaring van sy dienste. Die terugvoer dui daarop dat die goeie samewerking binne die SAS-bestuurspan aanleiding gee tot gekonsolideerde besinning en beplanning en tot gefokusde dienslewering. Die studente oordeel byvoorbeeld dat die toeganklikheid nou groter, die ondersteuning nou sterker en die verwysing na ander dienspunte nou meer doeltreffend is; en dat die SAS waarde tot hulle studente-ervaring toevoeg.

Vir die Sentrum vir Onderrig en Leer was 2010 veral die jaar van voorbereidingswerk vir die hersiening van die Leer- en Onderrigbeleid. Vir dié doel is drie universiteitswye besprekings geïnisieer: oor akademiese geletterdheid, oor informasietegnologie en onderrig en leer, en oor onderrig en leer aan die US in verhouding tot hoop in die akademiese konteks.

Uit hierdie inisiatiewe is 'n werkgroep oor informasie-tegnologie en onderrig en leer gevestig, asook 'n Konsultatiewe Forum vir Akademiese Geletterdheid. 'n Colloquium oor kurrikulering vir die openbare belang is gehou, waar etlike aanbiedings toegelig het hoe om dié vraagstuk suksesvol te hanteer. Die uitkomste van hierdie colloquium word direk ingevoer in die beoogde aanpassings aan die Leer- en Onderrigbeleid ten einde die US se akademiese volhoubaarheid te handhaaf en te versterk.

Die Eerstejaarsakademie (EA) het in die verslagjaar weer diens aan studente in die strewe na 'n suksesvolle universiteitsloopbaan gelewer. Suksesvolle oueraande, in samewerking met die Sentrum vir Voornemende Studente, is in Gauteng en Stellenbosch gehou. Tans word navorsing in die EA onderneem om te bepaal wat die invloed van koshuisinwoning, privaat losies in Stellenbosch en privaat losies buite Stellenbosch op studente se prestasie en welwees is. Die Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG) streef daarna om die leer- en leefwêrelde van die studente binne en buite die klaskamer so te integreer dat die een die ander konstruktief aanvul. Die SSG se werksaamhede is spesifiek gerig op die bevordering van studentesukses – sowel akademiese sukses as die vorming van afgeronde studente wat suksesvolle landsburgers word.

Nog 'n belangrike item in die SSG se werk is die deelname van studente aan gemeenskapsinteraksie. Al die koshuise en PSO-wyke het die afgelope jaar verskeie projekte onderneem. Die aanlê van 'n sportveld in Kayamandi in samewerking met Kuyasa word, byvoorbeeld, as een van die suksesvolste projekte van dié aard in Suid-Afrika beskou.

Vir die aanleer van 'n lewenstyl wat omgewingsvolhou-baarheid bevorder, word gesorg deur die aanstelling, in elke koshuis en PSO-wyk, van 'n huiskomiteelid met spesifiek dié verantwoordelikheid. Die portefeuljes is nou twee jaar oud en dra inderdaad by tot die bevordering van omgewingsvolhoubaarheid, waaronder die reëling van gepaste bedrywighede. Die herwinningsprojekte dwarsoor die kampus getuig van die vooruitgang wat reeds gemaak

is. Die vrouekoshuis Lydia het in hierdie verband aan hul vorige inwonende hoof, me Lydia Willems, landswye volhoubaarheidspryse besorg.

Die projek Leer-en-leefhuise, waar senior studente van diverse afkoms, geslag en studierigting in tematiese groeperings saamwoon, het aan die kampusgesprek rakende die MOD sterk stukrag verleen.

Die Sentrum vir Studentesake het gedurende die jaar heelwat voorbereidingswerk gedoen vir die vestiging van die Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling. Die Instituut sal in 2011 amptelik geopen word.

Die Sentrum vir Voornemende Studente (SVS) fokus primêr op die werwing van swart, bruin en Indiër-studente. In aansluiting by die HOOP Projek wend die SVS voortdurende pogings aan om die werwingsproses meer effektief te maak ondanks die probleme rakende voederskole en ondanks die afname in die aantal potensieel beskikbare Afrikaanssprekende studente.

Daardeur poog die SVS om 'n beduidende bydrae tot die verhoging van die persentasie voorgraadse swart, bruin en Indiër-studente van die huidige 24% tot 34% teen 2015 te lewer. Die SVS het in 2010 verskeie gerigte projekte en uitreikaksies onderneem wat spesifiek ten doel gehad het om die Universiteit se diversiteitsprofiel uit te brei. Die Werwingsbeursprojek word deurgevoer in samewerking met die Afdeling Beurse en Lenings. Beurse word aangebied aan voornemende swart studente wat op grond van institusionele en akademiese kriteria as akademies belowend geïdentifiseer is.

Die US is die afgelope jaar met spesifieke uitreike na geteikende skole in die Wes-, Suid-, Noord- en Oos-Kaap bemark. In hierdie uitreike het adviseurs praatjies en -inligtingsessies gehou by die skole en tydens oueraande; by geïdentifiseerde skole het hulle ook loopbaan- en vakkeusevoorligting aangebied. In ander spesiale diversiteitsprojekte het die SVS swart studente na die kampus gebring om sodoende die Universiteit aan hulle bekend te stel. Vir die fakulteite en departemente wat in dié verband hul eie aksies aanpak, het die SVS vanjaar 'n werwingsforum geïnisieer. Die doel is om goeie samewerking met en wisselwerking tussen dié kollegas te verseker. Die Wiskunde-en-Wetenskapweek en Ope Dag wat die SVS gereël het, asook die gereelde nuusbriewe en reëlmatig bygewerkte inligting op die Universiteit se webblad vir voornemende studente, het groot getalle leerders ingelig gehou oor wat die Universiteit hulle kan bied.

## BEVORDERING VAN MEERTALIGHEID AS 'N BATE

'n Geïntegreerde Taalbeplanningsmodel vir die Universiteit Stellenbosch, 'n HOOP Projek-inisiatief, is in 2010 behoorlik van stapel gestuur. In aansluiting hierby het die Taalsentrum verskeie inisiatiewe aangepak.

Wat betref die bevordering van meertaligheid as 'n bate: die Taalsentrum het die bestaande taalsteun in verskillende fakulteite uitgebrei en taalsteun in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe toegevoeg.

Die Taalsentrum het voorts beduidende dienste gelewer ter verwesenliking van bogenoemde beplanningsmodel, byvoorbeeld:

- *2 500 studente in geregistreerde taalmodules in verskillende fakulteite;*
- *enorme groei in die ondersteuning aan nagraadse studente: 44 werkswinkels, met sowat 1 200 studente;*
- *'n stygende getal kliënte klop aan om vertaling, redigering en tolking;*
- *500 internasionale studente in verskillende taalkursusse;*
- *groei in kortkursusse in professionele kommunikasie, Afrikaans en Engels;*
- *groei in kortkursusse in Xhosa vir personeel en studente; en*
- *verdere groei in die terminologie-ontwikkelingsprojek van die Eenheid vir isiXhosa, onder andere met die verskyning van 'n uitgebreide lys terme vir die ekonomiese en bestuurswetenskappe en die verskyning van 'n lys sokkerterme as deel van die Universiteit se bydrae tot die Wêreldbekersokker 2010.*

Iets heel besonders is die geïntegreerde e-leerprogram in Afrikaans wat einde 2010 afgehandel is en in 2011 op nasionale vlak bekendgestel sal word. Met dié inisiatief, soos met verskeie voortgaande inisiatiewe, lewer die Taalsentrum 'n stewige bydrae ook tot die Bevorderingsplan vir Afrikaans.

Gedurende 2010 is voorts heelwat voorbereidingswerk vir 'n aantal navorsingsprojekte gedoen, met temas soos parallelmediumonderrig, dubbelmediumonderrig en tolking. Die aanstelling van prof Vic Webb, bekende navorser op die gebied van taalbeplanning, as navorsingsgenoot in die Taalsentrum verleen ekstra stukrag aan die US se Navorsingsprogram oor Taalontwikkeling en Taalbemagtiging.

Die Taalsentrum het in 2010, as deel van die bydrae tot die bevordering van meertaligheid op nasionale vlak, 'n nasionale simposium gereël om die diskoers oor dié saak aan te wakker. As een van die uitkomste is 'n Nasionale Aksiegroep oor Meertaligheid in die Hoër Onderwys gestig.